**Skriflesing:** Rom 13:8-14
**Tema:** Ek skuld niemand niks nie?

In die tyd van die skrywe van die Romeine brief was Rome een van die grootste stede in die wêreld. Dit was ʻn bedrywige wêreldstad met tussen 1 – 1,5 miljoen mense. Mense uit alle dele van die wêreld was hier bymekaar. Onder hulle was ongeveer 60 000 Jode. Nero was in beheer, maar hy sou eers amper 10 jaar na die skrywe van die Romeine brief Christene begin vervolg. Nou het hy hom besig gehou met kunste, perdewedrenne en vermaak.

Dit het redelik goed gegaan in die gemeente. Daar was enkele probleemvrae wat ontstaan het rondom die inskakel van Christene uit heiden nasies. Vrae soos: moes die gemeente die wet nakom of nie en waar pas die besnydenis in? Daar was ook verskillende menings oor voedselwette en die hou van sekere feesdae.
Sommige Joodse gelowiges het, as gevolg hiervan, waarskynlik apart van gelowiges uit die heidennasies in hulle huiskerke vergader.

Paulus wys dat só ʼn praktiese reëling die evangelie in sy wese kan aantas. Hy skryf dat daar altyd meningsverskil onder gelowiges gaan wees. Maar ons moet nie mekaar oor middelmatige sake soos gebruike, gewoontes en tradisies veroordeel nie.

Oor wesenlike sake mag ons nie verskil nie. Wesenlike sake is sake waaroor God duidelike opdragte in die Bybel gee. Liefde is ʻn wesenlike saak. In die voetspore van Jesus Christus is liefde al wat ons mekaar skuld.

Ek lees die afgelope week die volgende verhaal wat so mooi hierby aansluit:

ʼn Wolf wat baie oud was, was maer en uitgeteer omdat hy weens sy ouderdom nie meer vir hom ʻn prooi kon vang nie. Hy moes ʻn plan maak anders sou hy sterf. ʻn Goeie vriend gee hom toe raad. Hy moes hom soos ʻn skaap laat vermom om so toegang tot die boer se trop skape te verkry. So ontwerp sy vriend vir hom ʻn netjiese skaapvermomming. Met die vervalsde skaapkleed is die wolf na die skape toe. Ongelukkig kry die skape sy wolfreuk, hulle raak benoud, blêr en vlug sonder dat die ou wolf vir hom ʻn prooi kon vang.

Die vriend help weer en verander die wolf se reuk na die van ʻn skaap s'n. Met wolf se volgende roofpoging, herken die trop skape wolf aan sy stem en so misluk dié poging ook. Wéér moet die goeie vriend help. Hy opereer wolf se stembande en doen ʻn skaapstem-oorplanting.

Nou is wolf se voorkoms, reuk en stem volmaak aangepas by die van sy prooi, die skape. Ongelukkig vir wolf, sien ʻn skaap in sy volgende roofpoging dat die "skaap" tussen hulle die spoor van ʻn wolf trap, en hulle vlug almal weer weg.

Ons loop ook die gevaar om te lyk, ruik en klink soos Christene, maar volg ons in die voetspore van Hom wat liefde is?

Ons sê so maklik dat ons niemand niks skuld nie. Ons wil niks met ander mense te doen hê nie. Verkeerdelik verkies ons dat hulle hulle eie gang gaan en ek gaan myne. Ons het vanoggend gelees dat die 1 geskenk wat ons vir mekaar en die wêreld skuld is om mekaar lief te hê. En ons moet liefde dringend gee. Dit is nie iets wat ons kan uitstel vir 2020 nie.

Kom ons gaan kyk wat liefde nie is nie  en daarna kyk ons na wat dit wel is.

**Wat is liefde nie?**

Liefde is nie om almal tevrede te stel en te dans na hulle pype nie. Liefde is nie in die eerste plek 'n emosie of gevoel nie.

Waar daar liefde is, is daar ook geen duisternis nie. Paulus waarsku ons om weg te bly van die werke van die duisternis. Hy rangskik sondige begeertes in 3 pare van 2, uitspattige eet en drink, ontug en onsedelikheid, met ander woorde losbandigheid op seksuele gebied en rusie en jaloesie, werke wat onderlinge verhoudings versteur. Liefde bly weg van die duisternis en werke van die duisternis.

**Wat is liefde?**

Dit is om soos Jesus te leef. In Rom 13:14 word ons opgeroep: "Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie."

Wanneer jy in geloof jou klee met Jesus, klee jy jouself met liefde. Dan kan jy, soos Hy, ook die mense wat op owerspel betrap is, tollenaars en selfs hulle wat Hom aan die kruis laat spyker het, liefhê, want sy liefde is selfopofferend. Liefde was voete.

Liefde soek nie redes om ander mense lief te hê nie. Ons het lief ten spyte van al die redes wat ons sou kon opnoem om hulle nie lief te hê nie.

Liefde doen die naaste geen kwaad aan nie.  Dit stel die belange van ander voorop.

Die eerste 4 gebooie handel oor liefde vir God. In die laaste 6 gebooie sien ons hoe 'n lewe gevul met liefde lyk?

**Vyfde gebod:**

Liefde is om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê, want die Here het julle vir mekaar uitgekies.

**Sesde gebod**:

Jesus seën vir ons met 'n lewe in oorvloed. Liefde sal nooit iemand wil seermaak nie, wat nog te sê doodmaak. Waar daar liefde is, sal daar geen moord en roof wees nie.

**Sewende gebod:**

Gevul met liefde sal jy in geen huwelik wil inbreek of uitbreek nie. Jy sal aan jou lewensmaat, as geskenk van God, wil getrou wees.

**Agtste gebod:**
Jy sal nie daarop ingestel wees om iets van ‘n ander te neem nie. Jy sal daagliks vra: Aan wie en waar kan ek aan ’n ander iets GEE? Jesus sê self: “Om te gee maak mens gelukkiger as om te ontvang.” (Hand 20:35)

**Negende gebod:**
Liefde praat nie van ander kwaad nie. Liefde is om van ander geen woord te sê as dit nie iets goeds kan wees nie. Dit is om met mekaar en nie oor mekaar te praat nie.

**Tiende gebod:**
Liefde is om tevrede te wees met wat jy het omdat jy weet dat dit ‘n geskenk uit die hand van God is.

As kinders van die Here volg ons in sy voetspore. Ons seën mekaar met sy geskenk van liefde. Liefde soos die waarvan ons lees in 1 Kor 13. Ek sluit af met Hans du Plessis se Ou Griekwa vertaling van 1 Korintiers 13:
Al sou ek die tale van mense en van ingele praat,
maar ek het die liefde galoop geruil vir die haat,
dan het ek net 'n raaslike paraffienblik gekom raak.
Al was ek so slim dat ek nuwe goeterse kan maak,
maar ek het die Jirre se liefde buite in die son gelat lê,
dan is ek niks, hoor wat ek vandag vir jou sê.
Al gee ek my hele bokke weg, net om te die eer te hê,
dan sal hierdie dinge my nou nog niks gepataal het nie,
as ek nie die liefde uit die jimmel kan geloop haal het nie.
Die regtige liefde die se bek is nooit dik nie,
jy sien hom nie skinner en jy hoor hom nie klik nie,
hy skrywe die kwaad ok nie in boekietjies op nie.
Die liefde maak alles mooi toe met hom se sawwe karos,
tale die hou op, voorspellings verdo en woorde raak los,
maar die liefde, die sal nou tot by die ewigheid toe net so bly staan.
Toet ek nou 'n kind gewas het, toe't ek sos 'n kind gedink,
en vandag sien ek troewelte in die garra-waters blink,
maar eendag sal ek die Jirre se hele waarlikheid kom weet.
En nou is dit die geloof en die hoop en die liefde wat nou bly staan,
maar net die liefde sal saam met my na die jirre se hemel toe gaan.
Amen